Skriflesing: Sefanja 3:14-20
Tema: God se Kerskaartjie vir jou!

Sefanja se naam beteken: "God kruip weg". En dit is wat die volk in sy tyd ervaar het. Hul eie volharding in sonde was egter die oorsaak dat God ver gevoel het. Sefanja was rondom 630 v.C. 'n profeet kort voor of in die tyd van koning Josia van Juda.

Sy verhaal en boodskap klink bekend. Dit herhaal soos refrein deur die Ou Testament en eintlik maar vandag nog.
Die 2 konings voor koning Josia en profeet Sefanja was Manasse en Amon. Hulle het die volk van die wal in die sloot gehelp. Die volk se godsdiens en sedes was op 'n absolute laagtepunt. In die tempel van die Here is afgode aanbid. Daar was ook maatskaplike verval.

Hierdie goed was teen God se grein. Dit maak Hom baie ongelukkig. Omdat sy kinders kies om Hom nie te dien nie, spreek Hy oordeel oor Juda en Jerusalem uit.

Sefanja se boodskap van die Here is 'n harde, reguit boodskap oor die verkeerdheid van sonde en die slegte gevolge daarvan.
Sefanja waarsku die volk telkens teen die oordeel van die Here oor hul sonde en afgodsdiens. Hulle steur hulle nie daaraan nie. Uiteindelik beland 'n groot deel van die volk in Babiloniese ballingskap rondom 586 v.C.
Selfs in ballingskap wil God, in genade, voor- en oorbegin met sy volk as hulle net terugdraai na Hom. Hiskia pleit by die volk om in geloof oor te gee aan die Here.

Hy leer ook vir die volk wie God is. God is nie op hul hakke met 'n rottang en 'n paar weerligstrale nie. God is nie 'n boelie nie. Hy wil my nie heeltyd probeer terugkry of straf nie.

Here se hart is om in 'n lewende liefdesverhouding met jou en my te staan. Dit is wat Hy, vanoggend weer, by die doop van Lauren en Sternberg kom bevestig.

Selfs wanneer mense aanvanklik daarteen kies en later na Hom terugkom, ontvang Hy hulle met oop arms soos die pa van die verlore seun. Hy maak 'n nuwe begin met hulle. In Johannes 12:47b lees ons: "… want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red."

God is op jou en my hakke net om een rede: Hy wil ons bederf deur ons te red en die die ewige lewe as 'n geskenk te gee.
SKRIFLESING
Ons lees daarvan in Sefanja 3:14-20. Dit is die inhoud van God se Kerskaartjie aan elkeen van ons.

God is by ons
Mense is baie keer bang vir God se woede en dat Hy ons wil los. Dit is God se reg om so oor mense, wat Hom verwerp, te voel.

Maar Hy doen dit nie. Hy bly by ons, ongeag hoe ons Hom seergemaak het. Hy kom Hy na ons in liefde deur sy Seun, Jesus Christus. Dit is waaroor Kersfees gaan. In Matteus 1:23 lees ons: “Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die naam beteken God by ons.”

Hy kom na ons en maak ‘n einde aan die straf wat ons oor onsself laat kom het.
In die Boodskap vertaling roep Paulus in Romeine 7:24-25 uit: “Wat ‘n patetiese mens is ek nie! Ek leef in die doderyk. Wie kan my uit hierdie sondegemors verlos waarin my liggaam vasgevang is? Goddank! Daar is wel Iemand wat my uit hierdie doodsbestaan kan bevry. Sy Naamis Jesus Christus. Hy is ons Here.”
In Romeine 5:8 staan daar: "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”
God het ons nie lief omdat ons goed is nie. Hy het ons lief omdat Hy goed is. Hy het ons onvoorwaardelik lief, in die krip, aan die kruis, in die graf, by ons doop en nagmaal en tot in ewigheid.

God is by ons. God is bly oor ons.
Sefanja beskryf God as besig om te sing: “Hy is vol vreugde oor jou … Hy jubel en juig oor jou.” En dit is nie ‘n sagte ingehoue lied nie. Die Hebreeuse woorde praat van jubeling. Dit is ‘n jubeling soos ‘n bruidegom oor sy bruid bly is.

Die prentjie wat Sefaja teken is nie ‘n God wat sonde straf en basta nie. Dit is nie ‘n God wat daar ver, “from a Distance”, besig is om ons met arendsoë dop te hou nie. Nee, Hy is naby. Hy is by jou. Hy is vol vreugde. Hy is bly oor jou as sy kind.

Hoe pragtig staan daar in vers 17: “Hy is stil-tevrede in sy liefde.”
Henri Nouwen skryf in sy boek: “The Life of the Beloved”: “Die belangrikste ding wat jy en ek oor onsself behoort te weet, is dat ons geliefdes van God is.”
En Sefanja bevestig dít alreeds in die Ou Testament!

Ek lees iewers van die Ledford familie in Amerika. Toe Amerika 200 jaar oud was, het hul iemand gesoek wat iemand geken het wat geleef het toe Amerika gestig is. Burnam Ledford was die man. Hy was ‘n boer van Kentucky en is gebore in die laat 19de eeu.
Wanneer hy terugdink aan sy vormingsjare was daar een spesifieke insident wat uitstaan bo al die ander. Dit was toe hy sy ouma-grootjie gaan besoek het toe hy 5 jaar oud was. Sy was in die vorige eeu gebore en reeds vir baie jare blind.

Ledford onthou haar hoe sy in ‘n groot stoel gesit het. Sy het hom nader getrek na haar toe, en met haar krom vingers oor sy oë, neus en gesig gevoel om uit te vind na wie hy lyk. En toe gesê: “Yep, he’s one or ours.”
Lenford onthou dit as ‘n oomblik wat hom gehelp het om te verstaan wie hy was: “Een van ons.”
Dis hoe God oor ons dink en voel: Jy is een van myne. Ek is by jou en bly oor jou. Elkeen is deel van “een van ons”, wat aan Hom behoort.

Mag die Heilige Gees ons elkeen help om ons eie Goddelike waarde te sien soos God ons sien. Mag die Gees van God vir elkeen van ons help om aan onsself te dink met dieselfde liefde as wat God aan ons dink, vandag en in die toekoms.

Ons en ons toekoms is in God se hande.
God word ook hier geteken as die krygsman, die een wat ‘n einde maak aan die vyand wat ons verdruk; wat die rampe afweer en wat die moedeloses opbeur.
Hy red. Hy maak dié wat treur van ver af in die ballingskap en dié wat vernederd agtergebly het in Jerusalem bymekaar en verander hul lot.

God is die krygsman wat sy swaard gebruik om die kwaad van ons af te weer. Hy bring orde, vrede en herstel. Hy sal sy kinders se vernedering verander in eer en roem.

Wanneer ons al hierdie dinge van God vanoggend opnuut hoor, moet ons dit aanvaar en glo. Verlede Sondag het ons nagmaal gebruik en vanoggend is ons getuies van die doop wat God se kerskaarjie verskil aan ons in hierdie wêreld maak!

Die seker wete dat God:

- By ons is deur sy Seun, Jesus Christus
- Bly is oor ons - vol vreugde is oor my – jubel en juig oor my
- Hy my vashou en nooit sal los nie, verander ons lewens onherroeplik.

Dit maak dat ons moed skep en met vertroue leef. Dit maak dat ek nie anders kan as om met alles wat in my is bly en vrolik te wees nie! Ek sien uit na sy toekoms met my!
My hande hang nie langer moedeloos nie. Ek dien die Here.
Amen